27 November 2016

DIS KERSFEES 2016 IN DIE LANGKLOOF

…en ons kyk terug en vorentoe…

Dis Novembermaand, en die nuwe vrugte is aan die bome. Die vier seisoene het (soos gewoonlik) gewissel en 2016 se siklus is byna voltooi.

Somer was oestyd, en elke ryp vrug is sorgvuldig gepluk, verpak en versend tot aan die uithoeke van die wêreld, net soos die Evangelie van Jesus Christus vanaf Jerusalem, Judea en Samaria tot aan die uithoeke versprei is. Wêreldwyd word aan die Langkloof se vrugte geraak, gesien, geruik en geproe. Dankie Skepper God, vir U grond, U sonlig, U reën, U stuifmeel, U bye, U groei, U krag en wysheid, U bewaring …

Herfs was stropingstyd, maar ook ryk gevul met dieper kleure; dis dankbaarheidstyd wanneer die bome se blarekleed verkleur om as dankoffer aan die aarde terug te gee vir al die seëninge wat hulle daaruit ontvang het. Dankie Here vir Geestelike voedsel wat U gedurende die jaar aan ons gegee het om in U teenwoordigheid te kon groei.

Winter was snoei- en rustyd. Selfs die oortollige takke word aan die aarde teruggegee, en die bome word hervorm amper soos ‘n pottebakker met sy klei doen. Die naak-gestroopte bome in die Winterkoue herinner ons ook daaraan dat ons permanente tuiste nie hier is nie, en dat ook ons tot rus moet kom. Hemelse Vader, dankie vir U snoeiwerk in my lewe die afgelope jaar.

Lente is die seisoen van nuwe hoop. Die vars bloeisels versprei die geur en kleur van nuwe lewe en die bye is bedrywig om die lewegewende stuifmeel vanaf die een na die ander blommetjie te dra. Daar is egter ook ‘n groot bedrywigheid om die jong vruggies teen peste en siektes te bespuit, en dit herinner ons aan die mens se stryd op aarde teen die mag van die bose, veral ook die jongelinge. Dankie Here Jesus, dat U bereid was om in hierdie besmette wêreld Mens te word, om ons met U bloed te bevry, te reinig en te beskerm, sodat ons vir U nuwe vrugte kan dra.

Soli Deo Gloria vir 2016!

(André Oosthuizen)

(2)

JOUBERTINA GEMEENTE SE GETUIENIS AS BRUID VAN CHRISTUS OOR SEKSUELE VERHOUDINGE

Die leraar en kerkraad van Joubertina Gemeente het opnuut in biddende afhanklikheid geluister na wat die Here se Woord oor seksuele verhoudinge sê, en verbind hulleself opnuut aan die uitleef en toepassing van die onderstaande waardes. Hier is nou dié geleentheid vir die gemeente om ook haarself as Bruid van Christus opnuut aan haar Bruidegom toe te wy.

1. Ons is oortuig dat die Skrif ons leer dat ‘n huwelik die lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou is, wat mekaar met die liefde van Christus versorg. Ons aanvaar dat die enigste wyse waarop ‘n Christelike huwelik tot stand kom, is tussen een man en een vrou waar Christus die middelpunt is. *Ons wil rein binne huwelike leef.*

2. Ons glo dat die Skrif daaroor duidelik is dat alle hetero- en homoseksuele verhoudinge buite die huwelik van een man en een vrou teen God se wil en plan is, soos alle ander sondes waaroor die Skrif praat. Vir al hierdie sondes is daar vergifnis en vrymaking deur die bloed van Jesus Christus. *Ons bely ons persoonlike onreinheid.*

3. Die gemeente se deure staan met die liefde en deernis van Christus oop vir alle mense. Wanneer ‘n persoon egter sonder berou in enige sonde volhard, sal hy/sy met liefde volgens Jesus Christus se riglyne (Mat. 18:15-20) begelei word. Alle persone met bepaalde persoonlike probleme, sal pastoraal begelei word om ’n lewensoplossing te vind. *Ons bid vir mekaar en vir ander.*

4. Ons wil steeds as gemeente die oop arms van Jesus wees wat vir alle mense genade, vergifnis en heling bied. *Ons wil tot seën wees vir alle mense.*

5. *Ons wil graag navolgers van Jesus en bedienaars van sy vrede, liefde, genade en barmhartigheid wees. Daarom gryp ons die geleentheid aan om nou almal saam vernuwe te word na die beeld van ons Skepper (Kol. 3:12) en om nuwe vrugte te dra wat lewe gee.*

(NG Gemeente Joubertina *26-11- 2015. Hierdie standpunt is aan die Algemene Sinode in sitting vanaf 7 tot 10 November 2016* gestel.

BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE 2016.

1. "Die Algemene Sinode besluit om die saak van selfdegeslagverhoudings met groot omsigtigheid te benader en om nie standpunte op gelowiges en gemeentes af te dwing waarvan die Gees die gemeentes nie oortuig het nie."

2. Die Algemene Sinode "herbevestig dat die huwelik deur God ingestel is as 'n heilige en lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou en dat enige seksuele gemeenskap buite so 'n vaste formele huweliksverbintenis nie aan Christelike riglyne voldoen nie." Daarmee is die 2015-besluit omgekeer.

Vir verdere inligting sien video wat deur Kerkbode vrygestel is, en Klik hier om ds. Nelis van Rensburg se verduideliking te sien. Die volledige teks van die 2016-besluit is ook beskikbaar.

Hoërskool McLachlan

HSM het 'n kort, maar besige vierde kwartaal agter die rug. HSM het 'n samewerkingsooreenkoms met Cape Recife skool bereik. Cape Recife se spesialisspan besoek die skool op n gereelde basis en identifiseer leerders met spesiale behoeftes waarna daar spesiale programme met die leerders gevolg word. Op Donderdag, 15 September, verteenwoordig Lara Goncalves, Taryn Uithaler en Marlisha Murray die skool by die jaarlikse **Spelling B-kompetisie** vir gr. 5-leerders. Baie geluk aan hierdie drie leerders met hul goeie prestasie. **Noodhulp**-Vlak 1-kursus: 8 van HSM se leerders het 'n noodhulp-vlak 1 kursus bygewoon en ook geslaag. Baie geluk aan die leerders. Die sertifikate is deur die Rooikruis uitgereik. Op 28 September is daar **matriekafskeid** gehou met die tema: Phantom of the opera. Die George McLachlan–saal is omskep in 'n sprokieswêreld en elkeen van die matrieks en hul metgeselle het bygedra tot die glansgeleentheid. Nie alleen was die saal ongelooflik mooi versier nie, maar die kos was uit die boonste rakke. **ESKOM Expo**-vir-Jong-Wetenskaplikes: Hoërskool McLachlan is baie trots op Cyle Thornton Smith wat uitstekend presteer het by die jaarlikse Nasionale Eskom Expo-vir-Jong-Wetenskaplikes, wat van 5 tot 6 Oktober 2016 in Johannesburg plaasgevind het. Cyle, 'n graad 11-leerder, het 'n silwer medalje verower vir sy projek "DIY Aquaponics vs Soil Agriculture". Dit is 'n besondere prestasie, gegewe die intense kompetisie van top leerders regoor Suid-Afrika. **Radikale Redenaarskompetisie**: Ria-Mi Ferreira (gr. 3) het op 15 Oktober, deelgeneem aan die Nasionale Finaal van die Radikale **Redenaarskompetisie**. Dit het plaasgevind by die Hoërskool Garsfontein in Pretoria. Ons is baie trots op Ria-Mi wat op só 'n jong ouderdom tot op hierdie hoë vlak deurgedring het. Op Dinsdag 18 Oktober was die **prysuitdelingseremonie** vir die laer- en hoërskoolleerders. Dit was weereens 'n glansgeleentheid waartydens verskeie leerders pryse ontvang het vir hul harde werk en prestasies op akademiese-; sport- en kulturele gebied. Tydens die seremonie is die nuwe VRL en BK (leerlingraad) ook aangewys. Baie geluk aan al die leiers wat gekies is vir 2017. Laerskoolleiers: Nerine-Mari Pienaar (hoofleier) Zack Strydom (hoofleier) Odelia September; Raywon Afrika; Jessica Kroon; Inge-Mari Ferreira; Enzardt Potgieter en Ryan Goncalves. Hoërskool: Carla Strydom (hoofleier); Marcelino Williams (hoofleier) ; Tanja Deist; Chardonnay Lindoor; Niel van der Westhuizen ; Zo-Lyn Hunter; Nikkie Koopman; Azeeno de Bruyn; Stefon Sebia, Jandré Aucamp; Shenique Lindoor; Kyla Kennedy; Jan-Hendrik Crous. 21 Oktober is daar **afskeid** geneem van die **Matrieks '16**. Die matrieks het vir oulaas met die skoolbus gery en daarna is op gepaste wyse van hul afskeid geneem in die George McLachlan-saal. Volgens tradisie het die graad 1's kerse vir elke matriekleerder aangesteek, waarna die matrieks een vir een die kers kon doodblaas terwyl hulle vir die laaste keer "uitstap". Altyd 'n roerende oomblik, veral vir die leerders wat van graad 1 in die skool was. Die jaarlikse **bloeiselfees** het plaasgevind vanaf 27 tot 29 Oktober. Dit was 'n groot sukses en die hele gemeenskap het die fees ondersteun. **Rugby**: Danie de Vos is gekies vir die Itec 0/19–SA Plattelandspan wat tydens die September-vakansie in Engeland gaan rugby speel het. Dit was die eerste keer in HSM se geskiedenis dat so 'n eer ons te beurt geval het. Baie geluk! Carla Strydom, hoofleier 2017, is gekies om Die Burger se **Jeugleierskonferensie** in Kaapstad by te woon. Baie geluk en baie voorspoed.

Geseënde Kersfees
En
Voorspoedige Nuwejaar

Hiermee bedank ons elkeen wie die afgelope jaar 'n bydrae tot Die Bergspits gelewer het.

Geniet die vakansie- en Kerstyd wat voorlê. Ry veilig. Koester u gesinne en families en mag Jesus se liefde so uit u uitstraal dat dit elkeen wat u lewenspad kruis, se lewe sal aanraak.

Die Bergspits – Redaksielede

Tiendemaand dankoffers en Finansiële oorsig van ons gemeente

Een van die heel moeilikste gesprekke en mees sensitiewe gesprekke om te hê in die kerk gaan oor geld, en dit raak net nog moeiliker as dit kom by die gee van tiendes. Sodra die term "bydrae" of die onderwerp "geld" in die kerk gebruik word, is die oorgrote meerderheid van mense dadelik op die agtervoet, omdat dit iets is wat 'n mens se sak raak. Wanneer mens "dankoffers" egter reg verstaan, bring dit vrede in jou gemoed en lewer dit groei in jou verhouding met God. Die feit van die saak is egter dat my lidmaatskap van 'n gemeente my mede-verantwoordelik maak vir die welsyn van daardie gemeente. As mede-lidmate is ons op mekaar aangewese, en dus moet ons nie net aktief deelneem aan gemeentesake nie, maar moet ons ook finansieel bydra om die gemeente in stand te hou. As gemeente het ons onder andere die volgende finansiële verpligtinge: Vergoeding van amptenare – leraar, kantoorbestuurder, orrelis, koster, werkers, ens; Instandhouding van eiendomme – versekering, sekuriteit, dienste, ens; Administrasie - kantooruitgawes, telefoon, toerusting, drukwerk, geestelike leesstof, ens; Gemeente projekte – naastediens, barmhartigheid, jeugwerk, bejaardesorg, sending, getuienis, ens; Sinodale- en Ringsaanslag, wat breë kerklike werk befonds. Die Kerk van Christus, en so ook die Joubertina Gemeente, is nie vervreemd van die wêreld nie, maar deel daarvan, en is ons ook onderhewig aan finansiële laste en uitgawes waaraan ons moet voldoen. Verder is ons strukture ook onderhewig aan inflasie en stygende koste. Die Gemeente en die Kerk is dus afhanklik van bydraes van lidmate om die werk van die Here hier op aarde en in ons gemeenskap voort te sit. As ons dus na die woord "Dankoffer" kyk, dan val die klem op dank, en dat ons offer of bydrae die gevolg is van ons dankbaarheid teenoor God. God gee nie net aan ons die lewe en 'n goeie aardse bestaan nie, maar deur Sy versoeningswerk aan die kruis ook die ewige lewe. Uit dankbaarheid vir wat die Here vir ons gee en doen, dra ons dan ook finansieel by tot Sy werk in ons gemeente en Sy Kerk op aarde. Dit is dan weer die tyd van die jaar wat ons terugkyk op die jaar wat amper verby is en ons dink aan hoe goed God vir ons as gemeente is. Dit is dan met groot dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader dat ons kan rapporteer dat ons die eerste agt maande van die huidige finansiële jaar (Mrt – Okt) kan afsluit met 'n mooi surplus, danksy die oop hande en harte van ons lidmate. Hiervoor is ons baie dankbaar aangesien histories die maande van November tot Februarie redelike "droë" maande is, en waarin ons gewoonlik groot tekorte realiseer. Ons is dus positief dat die surplus van die eerste agt maande

ons sal dra deur die oorblywende vier maande van die finansiële jaar, sodat ons steeds die jaar kan afsluit en ons inkomstes ons uitgawes kan dek, sonder om groot tekorte te realiseer. Ons is verder baie dankbaar dat die Tiendemaandinsameling sover baie goed verloop, en wil ons die vertroue uitspreek dat ons wel ons begroting in die verband sal bereik. Tradisioneel ontvang ons in November die grootste deel van ons tiendemaandkoeverte terug, en selfs ook in Desember. Lidmate wat dus nog nie hulle 10de-maandkoeverte ingehandig het nie, is welkom om steeds hulle tiendemaanddankoffer in te gee. Enige lidmaat wat nog nie sy/haar tiendemaandkoevert ontvang het nie, kontak asseblief u diaken, ouderling of kerkkantoor sodat ons die nodige reëlings kan tref om dit by u uit te kry. Tot en met Sondag, 20 November 2016, het ons reeds die mooi bedrag van R138,335 ingevorder teenoor 'n tiendemaanddankoffer begroting van R163,046. Ons is dus slegs 15% weg van ons teiken, en is vol vertroue dat ons dit wel sal haal. Die konsepbegroting vir die volgende finansiële jaar is ook reeds opgestel, en alhoewel dit tans 'n tekort toon van net meer as R6,000 vir die jaar is ons vol vertroue dat die finale begroting wel sal klop. Die finale begroting word tydens die Februarie Kerkraadsvergadering finaal goedgekeur. Ons is terdeë bewus daarvan dat baie van ons lidmate finansieel baie swaar kry, en die huidige finansiële en ekonomiese klimaat in ons land ook 'n uitwerking het op die omvang van ons jaarlikse dankofferinkomste en inkomste uit kollektes. Ons ervaring is dan juis dat dankofferinkomste oor die afgelope vyf jaar basies konstant gebly het, en in reële terme selfs afgeneem het. Dit is dan ook vir hierdie rede dat ons gemeente nie meer in die finansiële posisie is om twee voltydse leraars te kan bekostig nie. Om egter ons roeping en visie ten volle uit te leef sal dit wonderlik wees om onsself weer in so 'n posisie te plaas waar ons 'n tweede leraarspos of ten minste 'n deeltydse pos kan vestig. Hiermee dan ons as Kerkraad se opregte dank en waardering aan elke lidmaat wat getrou hulle dankoffer gee, en dit met blymoedigheid. Ter afsluiting herinner ons graag lidmate aan die volgende maniere waarop u, u dankoffer kan gee: By wyse van 'n maandelikse kontantbydrae tydens die besoek van u diaken; Dankofferkoevert wat u enige Sondag tydens die erediens in die kollektebord kan plaas. Skryf asseblief u naam en wyknommer op die koevert; Jaarlikse eenmalige kontantbydrae tydens die Dankfees van u betrokke wyk, of enige ander tyd wat u pas. Dit kan dan by u diaken, die kerkkantoor of by wyse van EFT (elektroniese fondse oordrag/internetbankdienste/selfoonbankdienste)